## 29 September - RYK

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8:1-15**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:9**

Christus is ryk. Hy is God. Hy het alles geskep. Die wêreld en alles daarin behoort aan Hom (Ps 24). Toe Jesus in Betlehem gebore is, het dit niks aan sy God-wees gedoen nie. Tog, sê die teks, het Hy arm geword. *"Die Woord (Christus, God) het mens geword, en onder ons kom woon"* (Joh 1:14).

Dit is vir ons onmoontlik om die ontsaglike vernedering te beskryf wat Hy moes deurmaak toe Hy as mens gebore is. Hierdie wêreld wou Hom nie hier hê nie. Sy pa en ma moes met Hom na Egipte toe vlug. 'n Rusplek vir kop het Hy nie gehad nie (Luk 9:58). Toe Hy gekruisig is, het die Romeinse soldate Hom van sy klere gestroop – en aan die kruis uiteindelik ook van sy lewe.

Daarmee het Hy die grootste van alle geskenke vir ons gegee: sy kosbare, sondelose lewe. Met sy armoede het Hy ons kom ryk maak – skatryk, nie met miljoene rande nie, nie met 'n rykdom waar mot en roes kan verniel en waar diewe kan inbreek en steel nie. Hy het vir ons die rykdom van die ewige lewe kom verwerf.

1 Petrus 1:3-4 vertel vir ons daarvan: *"In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word."*

Hierdie erfenis is ewig, onaantasbaar, in die hemel. Dit is die lewe terug in die paradys saam met Jesus Christus.

Lewe vandag met die heerlike en sekere wete dat jy skatryk is aan ewigheidsgoedere wat oneindig meer werd is as wat 'n mens met rand en sent kan meet.

Wat meer is: Dit kan nooit van jou af weggevat word nie. Dit kom van God af! Hy hou dit vir jou in bewaring.

*Sing: Psalm 112:1, 2 (2001-omdigting)* *Dr AH Grové (Emeritus)*